# EFÉSIËRS 4:17-32

**TEMA:** **Wees Verseël**

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

## SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING: EFÉSIËRS 4:17-32

**Efe 4:17 Dit sê en betuig ek dan in die Here, dat julle nie meer moet wandel soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie—**
**Efe 4:18 mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart;**
**Efe 4:19 wat ongevoelig geword het en hulle oorgegee het aan die ongebondenheid om in hebsug allerhande onreinheid te bedrywe.**
**Efe 4:20 Maar julle het Christus nie so leer ken nie,**
**Efe 4:21 as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus:**
**Efe 4:22 dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan,**
**Efe 4:23 en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed**
**Efe 4:24 en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.**
**Efe 4:25 Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede.**
**Efe 4:26 Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie;**
**Efe 4:27 en gee aan die duiwel geen plek nie.**
**Efe 4:28 Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.**
**Efe 4:29 Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.**
**Efe 4:30 En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.**
**Efe 4:31 Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid.**
**Efe 4:32 Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.**

-o0o-

**"Die Christelike heiligmaking teenoor die bedorwe sedes van die heidene."**

Die bedorwe sedes van die heidene is eintlik in beheer van die vlees. Die "**Eie Ek**", teenoor heiligmaking. Die Bybel sê dat, *'sonder heiligmaking sal niemand die Here sien nie*." *(Heb. 12:14)* Jesus self sê: "*Jy moet jouself verloën." (Matt 16:24)*

- Jy moet jouself kruisig
- Jy moet jouself aan die kruis hout vasspyker en dan
- Moet jy daardie kruis vat en Hom elke dag volg.

Dit is die verantwoordelikheid wat die kind van God verder het. Ons moet een ding onthou, redding is gratis, maar verder kos dit alles 'n prys om die Koninkryk van God te beërwe. Die EK, die VLEES

moet gekruisig word. Dit was juis die probleem in die Tuin van Eden gewees, waar die "**ek"** oorheersende mag gekry het oor die gees dimensie.

## 1. DWAASHEID

**Efe 4:17 Dit sê en betuig ek dan in die Here, dat julle nie meer moet wandel soos die ander heidene ook wandel in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie—**

**Efe 4:18 mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart;**

**Efe 4:19 wat ongevoelig geword het en hulle oorgegee het aan die ongebondenheid om in hebsug allerhande onreinheid te bedrywe.**

Paulus sê eintlik "jy is nog verdorwe in die verstand; as jy nog kies om jou eie wil te doen; die dwaashede na te volg van, 'EK WIL, 'ek wil en ek sal hom terugkry' en die ek is nog op my eie troontjie", dan verduidelik die Bybel, "*dit vervreem ons van die lewe van God."*

- **ONKUNDE**

*"Deur die onkunde wat in julle is vanweë die verharding van julle hart." Vers 18*

- God het vir ons die Heilige Gees gegee,
- Hy het vir ons geestelike leiers gee soos:
    - apostels, profete, herders, leraars en evangeliste.
- Hy het vir ons geestelike vaders en moeders gegee.

Hierdie is mense wat 'n deur die rangordes gekom het om 'n plek te beklee waar hulle kan funksioneer met God se outoriteit en gesag.

Nou hoekom is daar onkunde? Wat dan gebeur met die mens?
Die mens wil nie leer nie, want in sy eie onkunde en die verharding van sy hart, sy koppigheid, wil hy hom nie laat leer nie. "Ek sal my nie laat teregwys nie, ek sal my nie laat onderrig nie. Ek weet beter en ek ken dit en ek ken dat". Dit is die verharding van die hart. Die Bybel noem hierdie tipe optrede die <u>vervreemding van die lewe van God</u>.

Hy sê*, "deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart, wat ongevoelig geword het."* Efésiërs 4:14 beskryf alles oor sagmoedigheid, lankmoedigheid, nederigheid en in liefde. Lees dit gerus. Die liggaam word opgebou in liefde. <u>Ongevoeligheid beteken liefdeloosheid</u> *en hulle oorgegee het aan die ongeborgenheid in om in hebsug, allerhande onreinheid te bedrywe*. So, hier sien ons die <u>werke van die vlees</u>.

Met die aanvang van ons bediening was ons nog onervare. Ek en my vrou Eleonor, het dikwels minder goeie boodskappe en onsimpatieke behandeling van mense ontvang. Ons het 'n geestelike moeder, ouma Geraldine gehad, wie my met liefde tereg gewys het. Ek het dikwels by hierdie moeder gaan kla dat ek so opreg in my verhouding met die Here is maar mense draai teen my. Haar woorde was "*Gabriel dis die vlees, die vlees moet sterf. 'n Skop en soen moet dieselfde proe, solank die goed nog seermaak is dit vlees en die vlees is jou grootste vyand*."

Vandag kan ek daarna terug kyk en sê, "dankie Here, vir ou geestelike moeder wat my baie hard hanteer het." Sy was nie sag met my gewees nie, maar sy was baie streng met my. Ek eer die Here vandag daarvoor, want sy het met my geen simpatie gehad nie, omrede hierdie nie 'n sagte pad is nie.

Jesus Christus self was baie op die man af met Sy dissipels. Hy het hulle streng aangespreek. Hy het selfs vir die ryk jong man geen simpatie gewys nie. Daar was vaste beginsels vasgelê deur Christus. Net so is dit vasgelê in die Woord en dis vir my en vir jou om daardie beginsels te bereik. Gehoorsaam ons nie die beginsels nie, gaan hierdie vlees, hierdie ek, die eie begeertes, my hardkoppigheid en hardnekkigheid ons vernietig.

-o0o-

## 2. VOORBEELD

**Efe 4:20 Maar julle het Christus nie so leer ken nie,**
**Efe 4:21 as julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus:**
**Efe 4:22 dat julle, wat die vorige lewenswandel betref die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan,**
**Efe 4:23 en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed**
**Efe 4:24 en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.**

Christus Jesus het vir ons die perfekte voorbeeld kom stel hoe om te funksioneer, hoe om te lyk. Daar is nie 'n ander voorbeeld nie. Die Woord is die enigste voorbeeld en dis nou my en jou plig om in daardie Woord te beweeg, sodat ek en jy soos die Voorbeeld sal lyk - 'n replika van Christus Jesus. Dan eers kan ons sê, ons is die deel van die liggaam van Christus Jesus. Hy sê ons moet hierdie begeerlikhede van die ou mens aflê, dit moet ten gronde gaan.

Ons moet vernuwe word in Christus Jesus.
Ons moet absoluut 'n nuwe skepsel wees en
die nuwe mens moet altyd so beklee wees
dat ons 'n beeld kan wees van 'n nuwe mens wat uit God uit geskape is. Uit God gebore is.

Onthou baie mooi, sonder Heiligmaking sal niemand die Here sien nie. *Heb. 12:14 Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie;* Dit is 'n proses wat ons maar moet nastreef. Mense dan moet ons ook maar partykeer bietjie die houe op die kakebeen vat. Dit is vir ons eie beswil, vir ons eie goed en solank dit seermaak dan weet ons dit was nog vlees. Dit bewys dat ons maar net nog aan daardie vlees moet werk, nè?

## 3. RIGLYNE

Nou gee Hy vir ons riglyne hoe om te funksioneer.

***Efe 4:25 Daarom, lê die leuen af en spreek die waarheid, elkeen met sy naaste, want ons is mekaar se lede.***
Dit is presies wat die vorige gedeelte bespreek het in hoofstuk 4:11-16. Lees dit gerus.

***Efe 4:26 Word toornig en moenie sondig nie; laat die son nie ondergaan oor julle toorn nie;***
Ek dink daar het God ook ons menslike swakhede geken. Hy het geweet ons gaan ook toornig word, so Hy gee vir ons basies bietjie spasie. Hy sê jy kan toornig word, maar Hy waarsku egter, *"moenie sondig nie."* Moenie toelaat dat daar haat in jou hart kom nie, moenie vloeke uitspreek nie. Moet nie mense begin verwens nie, moenie sleg praat van die mens nie, moenie dat die duiwel verder aangaan
in jou lewe nie.

En baie belangrike mense. Wees maar vir almal lief, wees vir jou vyande lief, wees vir die lief wat jou slaan. Wees lief vir die wat sleg praat van jou. Ek en Eleonor seën elke more die mense wat vir ons kwaad is. Sê: "Here, maak net hulle oë oop, ons is lief vir hulle. U ken ons harte, maar Here asseblief moenie laat ons die duiwel verder plek gee nie."

***Efe 4:27 en gee aan die duiwel geen plek nie.***
Mense en hier wil ek gou-gou bietjie stilstaan. Ons moet dit nooit, nooit, nooit vergeet nie. Satan kan nie genadig wees nie. Beslis gaan ons vir ons dade verantwoording doen en al lyk dit miskien of ek op
die wenpad is. Dikwels wil ek van hierdie sekere goed wraak neem, dinge doen, of ek wil dit wat van

-o0o-

die vlees is, beheer. Kom tot die besef, dit is egter van korte duur, want die koninkryk van die duisternis
het nog nooit suksesvol gefunksioneer nie. Daarin was nog nooit lewe in nie; maar nog net altyd dood.

Ek het hierdie dinge verskeie kere in my lewe gesien, deur ons bediening en deur mense. Op die einde
van die dag skiet mense hulself in die voet. Ek spreek vry, want ek weet, ek sal die duiwel geen plek
gee nie. Ek bly lief vir almal en ek bly bid vir almal, maar ek weier om die duiwel enige plek te gee.

Weet jy wat? Satan kom met sy rekening en so seker as wat ek leef, hy sal daardie rekening voor jou
neerlê op die tyd, die moeilikste tyd, wanneer jy dit nie kan bekostig om dit nie te betaal nie. Dan slaan
hy vir jou die hardste wat jy ooit geslaan kan word. Ek wil u vandag vermaan: *Weerstaan verbittering, pyn, haat, weerwraak, van alles wat in jou lewe is. Mense maak reg en spreek vry.*

Wanneer jy tereg gewys word, moenie die duiwel enige plek gee nie. Kom in die Woord van God wat
die Here het vir ons gegee het. Hy het vir ons Sy riglyn gegee. Jy is net veilig in die Woord. Die oomblik
as jy buitekant die Woord se raamwerk gaan, soek jy moeilikheid. Dan is dit nie van die Here nie, die
Here kan nie saam met jou werk nie, want jy is nie in die Woord nie. Dan moet jy maar pa staan vir jou
eie ding en so seker soos wat jy lewe en ek lewe, so seker gaan die duiwel kom en hy gaan sy rekening
voor jou neersit, mense en dan moet jy hom betaal en ek kry vir jou bitter jammer. Gee aan die duiwel
geen plek nie!

***Efe 4:28 Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.***

Hy gee vir ons verdere riglyne, *"deur te werk met sy hande wat goed is*." Hoekom moet hy werk? "*sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het."* Met ander woorde, dit gaan altyd oor die
volgende persoon, nè?

***Efe 4:29 Laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net 'n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.***

So, laat julle woord altyd met 'n sout besprinkel wees en let op wat jy sê van ander mense.

***Efe 4:30 En bedroef nie die Heilige Gees van God nie, deur wie julle verseël is tot die dag van verlossing.***

Wanneer bedroef ons die Heilige Gees van God? Wanneer ons Hom nie Sy volle reg in ons lewe gee
nie. Die Heilige Gees is daar om my te <u>leer van die Woord.</u> Die Heilige Gees is daar om my te <u>oortuig van sondes</u> en my in <u>plek te bring</u>, sodat ek deur Hom gelei en geleer kan word. Maar die oomblik sodra
ek weerstand bied, bedroef ek dan die Heilige Gees.

Ek het al die Heilige Gees gevoel huil oor siele, wat my erg ontstel. Mense besef nie hoe Hy regtig oor
hulle huil nie, maar hul hardkoppigheid en eiesinnigheid is altyd triomferend en dan wil hulle nie luister
nie. *"So bedroef nie die Heilige Gees nie, maar deur wie julle verseël is, tot die dag van verlossing*." So

-o0o-

jy is net verseël as jy in die wil van die Heilige Gees kom, andersins het jy moeilikheid.

***Efe 4:31 Alle bitterheid en woede en toorn en geskreeu en lastering moet van julle verwyder word, saam met alle boosheid.***

**Efe 4:32 Maar wees vriendelik en vol ontferming teenoor mekaar; vergeef mekaar soos God ook in Christus julle vergewe het.**

Die laaste vers is vanselfsprekend. Bly en lewe in oorwinning. Laat die Heilige Gees jou opbou, jou vermaan en teregwys. Aanvaar die vermaning en leiding van jou broer en jou suster in die Here, wie jou geestelike vader en jou geestelike moeder is. Hulle is die gesag wat God oor jou aangestel het en neem maar die raad wat hulle gee en gaan maar aan daarmee. Daardie mense weet waarvan hulle praat aangesien hulle 'n prys betaal het om te kom waar hulle is. Jy sal nooit as spyt wees. Draai maar om, skud maar blad, sê '*ek is jammer, vergewe my, ek het verkeerd gedoen*' en kom terug in die wil van die Here, want sonder die Here kan jy niks doen nie.

Is jy **IN** Sy wil of buitekant sy wil? Net jy kan die antwoord gee.

Die Here is met julle.

-o0o-